

DIE TEGNIESE EN DIE TAALONDERWYSERS

Hulle Taaltoerusting

en

Hulle Opleiding



DIE TAALTOERUSTING VAN DIE TEGNIESE EN DIE TAALONDERWYSER

(a) *Tegniese Onderwysers:*

In hoofsaak bestaan daar twee tipes tegniese onderwysers:

- (i) Diegene wat die Tegniese Matrikulasie-eksamen met Afrikaans en Engels geslaag het. Daar is egter 'n groepie wat die eksamen geskrywe het maar nie albei tale kon slaag nie.
- (ii) Diegene wat normaalweg laer taalkwalifikasies as die Matrikulasiepeil besit.

Dit is die gebruik en beleid om die tegniese onderwysers (werk-winkels) uit die industrieë te rekruteer. Talle van hulle het eers hulle opleiding via die tegniese kolleges of die hoër tegniese skole se werk-winkels ontvang en daarna vakleerlinge geword. Die meeste van hierdie gerekruteerde onderwysers het in die ou dae slegs die standerd agt-peil bereik en dus ook standerd agt Afrikaans en Engels behaal. Sommige het dit nie eers behaal nie. Nadat hulle aangestel is, was daar egter voortdurend die prikkel om verder te studeer en om veral Afrikaans en Engels op die matrikulasiepeil te bekom. Van 1958 af het sodanige gerekruteerde vakmanne uit die nywerheid slegs drie kerwe op hulle salarisskaal gevorder en dan nie verder verhogings kon kry voordat hulle Matrikulasie-Afrikaans en -Engels behaal het nie. Talle laag gekwalifiseerde manne het die geleentheid benut om nie alleen hulle algemene kwalifikasies nie, maar veral ook hulle taalkwalifikasies te verbeter. Daar is egter 'n taamlieke groot groep wat óf tevrede was met hulle status en vergoeding óf onwillig was om die fasiliteite vir verhoogde kwalifikasies

te benut en 'n derde groep wat geen verdere ambisie aan die dag gelê het nie.

Dit is juis hierdie groep van tevredeenes, onwilliges en ambisieloses, soos dit in enige loopbaan aangetref word, wat in 'n onderwysstelsel heelwat kommer baar. Die bekommernis spruit voort uit die feit dat hulle eintlik vir die onderrig van kinders in 'n tegniese hoërskool taalkundig-opvoedkundig te swak gekwalifiseerd is, al is hulle praktiese vakkennis op dreef.

(b) *Taalonderwysers:*

Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap lei geen taalonderwysers op nie. Dit is die taak van die universiteite. In die verlede was die aantal deeglik gekwalifiseerde taalonderwysers wat deur die universiteite gelewer is, voldoende om in die behoeftes van die hoërskoolbevolking te voorsien, veral toe slegs die meer begaafdes hulle weg daarheen met die oog op die suiwer akademiese loopbane gevind het. Namate die aantal leerlinge egter vermeerder en die aanvraag na taalonderwysers toegeneem het, kon die universiteite nie meer genoeg onderwysers van dieselfde kaliber soos vroeër voorsien nie. Dit het natuurlik ook saamgehang met die feit dat die universiteite self hulle kursusse fenomenaal uitgebrei het. Die natuurlike bevolkingsaanwas was nie so snel dat die aantal studente vir sekere universiteitsdepartemente konstant gebly het nie, allermens die van die Departemente van Afrikaans en Engels. Dit is natuurlik die prys wat vir groter differensiasie, ook in die universiteite, betaal word. Die prys is dat die taalgrondslae van die volk verswak, omdat dit in talle studierigtings nie meer noodsaaklik is om selfs Afrikaans I en/of Engels I te bestudeer nie.

Sodanig het die toestand ontwikkel dat die Transvaalse Onderwysdepartement heel onlangs — ek dink dit is aan die einde van 1960 — besluit het om in sekere behoeftes, afgesien van wat die universiteite kan lewer, self voorsiening te maak. Daar is besluit om o.a. met die oog op die onderrig in Afrikaans en Wiskunde spesiale opleidings vir 'n groep uitgesoekte studente in hulle Onderwysersopleidingskollege voorsiening te maak. Vir die taalonderigbehoefte van die Transvaalse skole, veral in die hoërskole, het die universiteite dus reeds gefaal.

Studente wat hulle vir die onderrig van tale aan hoërskole bekwaam, loop gewoonlik 'n driejarige kursus in een van die amptelike tale. Dit het dikwels in die verlede gebeur dat studente albei tale op 'n driejarige grondslag bestudeer het. Hierdie studente is deesdae die uitsondering. In die verlede het taalstudente, waar hulle ook 'n derde taal, soos Latyn, Duits en Frans, aan die universiteite bestudeer het, op verskillende kombinasies van taalvakke kon besluit, o.a. Afrikaans III, Engels II, Duits óf Frans óf Latyn I; Afrikaans III óf Engels III, met Duits III óf Duits

II, ens. Deesdae is dit die reël dat taalstudente hulle hoofsaaklik op een van die amptelike tale toespits en nie langer die ondersteunende kennis van 'n ander taal of tale ondergaan nie. Daar is dus 'n proses van verarming aan die gang in vergelyking met wat die ou garde hulle ten doel stel.

Die vereiste aan 'n taalonderwyser deur feitlik al die onderwysdepartemente gestel, is 'n driejarige universiteitskursus vir onderwysers wat 'n taalvak in die hoërskool moet onderrig. Die praktyk het bewys dat die onderwysdepartemente, selfs die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, gedwing is om met die volgende taalkwalifikasies tevrede te wees:

Afrikaans II óf Engels II vir die onderrig van matrikulante; en Afrikaans I óf Engels I, wat die geval ook al mag wees, vir die laer hoërskoolstanderds (Stds. VI, VII en VIII).

Dit het gebeur en vind nog steeds plaas dat van ervare, tydelike onderwyseresse gebruik gemaak word om 'n amptelike taal tot en met Matrikulasie te onderrig, al het so 'n onderwyseres slegs Matrikulasietale. Van sodanige gevalle is ek onder die Transvaalse Onderwysdepartement en in die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap bewus. In die laasgenoemde Onderwysdepartement gebeur dit dikwels dat onderwysers/esse wat spesifiek vir die onderrig van Handel of vir Liggaamlike Opvoeding opgelei is, die onderrig van óf Afrikaans óf Engels in die laagste hoërskoolstanderd van 'n spesifieke beroepskool moet waarneem, waar die organisasie van die skool dit vereis. Sodanige opgeleide onderwysers/esse besit slegs Matrikulasie-Afrikaans en -Engels. Die vraagstuk van die welslae al dan nie van die onderrig van die tale in hierdie gevalle is nie hier ter sprake nie.

Tydens die oorweging van taalapplikante vir poste onder die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap aan die einde van Augustus-September 1961, was daar werklik weinig applikante wat aan die vereiste kwalifikasies voldoen het. Die gevolg was dat talle taalposte vakant gebly het. Hierdie getal ongevulde taalposte is vir die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap natuurlik 'n aansienlike getal in vergelyking met die taalposte waaroor dit vir sy tipe skole beskik. Daar kan met 'n redelike mate van sekerheid gesê word dat sowat 25—30% van die taalposte tydelik gevul is, d.w.s. die stroom universiteitstudente vir die beroep- en ander skole van ons Departement, is gans te gering. Die provinsiale onderwysdepartemente staan ook onder die dwang om van tydelike taalleerkragte gebruik te maak. In hierdie verband is daar reeds 'n ou garde van gepensioneerdes wat as gevolg van hierdie toestand van sake 'n ryk finansiële oes belewe. Dat hierdie tydelikes waardevolle hulp verleen, kan nooit ontken word nie.

Die taalinspekteurs van die Departement van Onderwys, Kuns en

Wetenskap het onlangs 'n opname gemaak van die taalkwalifikasies van sy taalonderwysers/esse. Die resultate was werklik 'n openbaring wat, indien nie skokkend nie, dan onrusbarend was. As gevolg daarvan is besef dat die aantal beurse wat in die verlede by die Staatsdienskommissie vir die opleiding van taalonderwysers aangevra is, drasties tot 50 vermeerder moes word. Die toestand op die gebied van die onderrig van Engels was in vergelyking met Afrikaans sodanig dat die verhouding van beurse 40 : 10 aanbeveel is. Of al die beurse benut sal word, val nog te besien. Hierdie verhouding is op sigself geneem, natuurlik 'n beperkende faktor, tensy die Staatsdienskommissie die beurse wat vir Engels beskikbaar gestel en wat nie benut word nie, vir Afrikaans beskikbaar wil stel.

Om taalonderwysers, hetsy vir Afrikaans óf vir Engels, te bekom, is nie net die bekommernis van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap nie. In die afgelope aantal maande het die stroom van klagtes oor die verval of dalende peil van die onderrig van tale in al die provinsies dik geword. Ek haal 'n paar koerantverslae aan:

„My tour followed a report in the SUNDAY TIMES last week that of 3,124 teachers engaged by the O.F.S. Department only 15 men and 113 women teachers are English-speaking, and only 26 out of the 3,124 are considered by the Department to be thoroughly proficient in both official languages”. (Sunday Times, 27th August, 1961.)

Na aanleiding van Allen Loxton se toer na Vrystaatse dorpe het hy, in aansluiting by hierdie skrywe deur hom, die volgende bevind:

„They (the English-speaking Free-Staters) are beginning to feel the sacrifice too high and are selling their businesses and, for their children's sake, leaving for the bigger urban centres;

Thinking, moderate Afrikaners are watching with concern as the Free State platteland is being gradually denuded of its English-speaking contribution to the common welfare” (Sunday Times, 27th August, 1961.)

Selfs die skrifte van leerlinge in die Oranje-Vrystaat is krities ontleed om bewyse te lewer van hoedanig die peil van die onderrig van Engels daal, sonder dat dieselfde Sunday Times enigsins die oorsaak van so 'n toestand van sake aan die deure van die regte mense wil bring. nl. die Engelssprekende gedeelte van die bevolking van die R.S.A. self. Sommige Engelssprekende ouers soek die oorsaak by wat hulle veronderstel om te wces 'n anti-Engelse indoktrinasie wat in die plattelandse skole van die Vrystaat plaasvind. Daarteenoor het die Direkteur van die O.V.S. se Onderwysdepartement aangekondig dat indien daar in sy provinsie 'n dalende peil in die onderrig van Engels opgemerk word, dit nie groot afmetings aanneem nie, aangesien sy Departement alles denkbaar doen om die onderrig van tale en van Engels hoog te hou. Verder

is byvoorbeeld die hoofskap van 'n Engelsmedium-hoërskool van Welkom uitgebuit, maar seer seker nie uit opvoedkundige oorwegings nie. Daar is gewys op die feit dat geen enkele goed gekwalifiseerde Engelssprekende vir so 'n belangrike pos vorendag gekom het nie.

Wat Transvaal betref, spreek die volgende aanhaling vir homself: „Die tekort aan Engelssprekende onderwysers vir Engelsmediumskole maak dit vir die Departement nodig om poste in sulke skole met 'n Afrikaanssprekende personeel te laat vul” (Die Transvaler) en verder „Tussen 'n vyfde en 'n kwart van die onderwysers aan Engelsmediumskole in Transvaal is Afrikaanssprekend” „Van die meer as 11,000 onderwysers in Transvaal praat 78 persent Afrikaans en negentien persent Engels, terwyl twee persent altwee tale gebruik. 'n Derde van hulle kan onderrig in enige van die landstale gee, terwyl een persent slegs in Afrikaans klas kan gee” (Die Transvaler).

Prof. Partridge slaan die spyker op die kop. Hy het die volgende gesê: „We have only one training College for Englishspeaking teachers in the Transvaal — as compared with four big Afrikaans colleges — and are not able to fill the college. If the English community wants its language to survive, it will have to do something about it”. En „We are getting students who, taught by people not qualified in English, can barely speak the language” (Dr. Gwen Knowles-Williams, Senior Lecturer in English at the Pretoria University).

Hierdie paar aanhalings dui op 'n ernstige toestand op die gebied van taalonderwys. Die owerheid kan nie bekostig om hierdie saak langer links te laat lê nie. Dit verg ernstige aandag en wat meer is, daadwerklike reklame en optrede om die peil van die onderrig van die landstale te verhoog. Voordat dit metodies verhoog kan word, moet daar genoegsaam taalgekwalifiseerde onderwysers wees, anders sal die peil van alle ander skoolvakke noodwendig moet daal, aangesien hulle van die taal as medium afhanklik is.

Eintlik het ons effens weggeswenk van die rekruteringsgedagte van taalonderwysers, ten einde 'n paar bewyse te lewer van 'n sorgwekkende toestand in die skole. Die taalonderwysers/esse moet voortkom uit ouerhuise waar die drang van ouers en kinders opgewek, ja, gevoed moet word om vir die behoud van die landstale te sorg. Om politieke en ander motiewe vir die verlaging van die peil van taalonderrig aan te haal, is voorwaar 'n skewe siening. Daar is geen bewuste poging in die R.S.A., om watter redes ook al, om bv. Engels bewustelik onder te ploeg nie. Dat die peil daarvan noodwendig moet daal as onderwysers wie se huistaal nie Engels is nie, dit uitsluitlik moet onderrig, afgesien van hulle diepgaande studie daarvan, kan nie ontken word nie. So 'n taal moet dan 'n sukses bestaan tegemoet gaan. Ouers is inderdaad verantwoordelik vir die feit dat hulle kinders nie genoegsaam in die onderrig van tale belangstel nie. Ten tweede, het ons onderwysstelsel in die R.S.A. nie daarin

geslaag om die kinders van Suid-Afrika taal-patrioties in te stel nie. Wat die Engelssprekende kinders betref, het dit baie lankal in Suid-Afrika geblyk dat die onderwysloopbaan, veral die onderrig van tale op skool, hulle nie interesseer nie. Dit is vir hulle voorwaar geen aanloklike loopbaan, soos die handel, die nywerheid en die hoër professies, soos deur hulle voorgeslagte beoefen is en nog steeds word nie. Die diepgaande oorsake van 'n tekort aan taalonderwysers is egter so belangrik dat dit die ernstige aandag van navorsers behoort te trek.

Vir sy taalonderwysers is die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap van die Universiteite afhanklik. Wanneer die stroom uit daardie rigting opdroog of aan die opdroog is, word taalbeurse beskikbaar gestel. Moontlik is hierdie rekruteringsveld nog nie voldoende vir die aanvraag in sy skole nie.

Wat sy rekruteringsveldtog vir taalonderwysers betref, afgesien van die beursstelsel, is daar sekere faktore wat definitief die skole van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap nadelig tref. Die universitêr-opgeleide taalonderwysers ken skaars die binnekant van die skole van hierdie Departement. Daar is bloedweinig van hulle wat hulle proef-onderrig in ons skole kom doen. Dit gebeur moontlik in Pretoria waar die aantal toekomstige onderwysers/esse natuurlik groot afmetings aanneem en die provinsiale skole nie by magte is om almal daarvoor op te neem nie. Ons tipe onderrig en ons skoolstelsel is vir hulle 'n onbekende.

Ten tweede kom die matrikulante wat taalonderrig wil gee, uit die provinsiale skole en is die produk van laer- en hoërskole wat deur provinsiale owerhede beheer word. Dit is dus te verstane dat sodanige onderwysers/esse in daardie skole waarmee hulle die beste bekend is, onderrig sal gaan gee. Dit is hulle ou en eerste liefde.

Ten derde, met uitsluiting van die hoër handelskole, trek die skole wat per wet deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap beheer word, leerlinge wat nie goeie vordering op die akademiese hoërskole van die provinsies kon maak nie. In baie gevalle het hierdie tipe leerlinge se taalgevoel geheel en al verstomp geraak, omdat aan hulle moontlik weinig individuele aandag en onderrig gegee is. Hulle is in die meeste opsigte deur die provinsiale skole afgeskeep geword. Die gevolg is dat talle van hulle in skoolgaan as sodanig 'n renons begin kry het. Daarmee natuurlik ook in die onderrig van tale.

As gevolg hiervan is die taalonderrig in ons tipe skole definitief moeiliker as in die provinsiale hoërskole. Verder ontvang die leerlinge in die provinsiale hoërskole in elke taal meer periodes onderrig as ons leerlinge, met uitsluiting van die hoër handelskole. Die gevolg was dat ons leerlinge in die verlede, en moontlik nou nog, ten minste 30—40 taalperiodes van vyf-en-dertig tot veertig minute per periode swakker daaraan toe is. Daarby word in die Nasionale eksamens geen geringe vereistes gestel nie. Word ons Departementele taalvraestelle met die van

die provinsies vergelyk, is daar niks met ons standaard verkeerd nie, al is ons gemiddelde persentasie-eksamenuitslae moontlik laer. Ons stelsel is nie geskoei op 'n sekere hoeveelheid eersteklasprestasies nie. Omdat daar geen wetenskaplike maatstaf bestaan waarvolgens eksamenstandaarde gemeet kan word nie, is hierdie aspek van die onderwysstelsels in die R.S.A. en ook oorsee aan talle spekulasies onderhewig. Ons weet hoe ouers wat van die een provinsie na die ander een verhuis, hulle beskouings oor die swak of goeie gehalte onderwys hier of daar as die alfa en die omega vir hulle vriende voorhou.

Daar is nog 'n faktor wat die rekrutering vir ons skole in die wiele ry. Die provinsiale hoërskole verskaf voorligting aan hulle leerlinge i.v.m. toekomstige loopbane. Die onderwysers of amptenare wat daarmee belas is, kom uit die provinsiale skole. Hulle dra, hyna sonder uitsondering, geen kennis van ons skole nie. Lig hulle hul leerlinge oor loopbane toe, dan openbaar die nadele van verdeelde beheer hom weer eens: die leerlinge word omtrent ons Departement se verskillende soorte skole: handel-, tegnies-, nywerheid-, huishoudkunde-, spesiale- en ander skole, nie ingelig nie. Die meeste voorligters is nie eens bewus van die opleiding van onderwysers deur ons Departement nie. Die prentjie wat die leerlinge dus ontvang, is eensydig en werklik jammerlik eensydig. Provinsialisme — of sou ons dit snobisme kan noem? — rig ten opsigte hiervan skade aan. Die nasionale ideaal ten opsigte van onderwys in die Republiek, die republikeinse ideaal (vir diegene wat presies weet wat onder „republikeins” in hierdie omstandighede bedoel word) lê nog in die verskiet. Wat die huidige betref, bly die toestand voortduur dat elke onderwysstelsel eintlik net vir homself sorg, afgesien van die nasionale behoeftes van die volk en die individuele belangstellingsrigtings van die leerlinge. Hierdie verdeelde beheer veroorsaak talle moeilikhede tussen ouers wie se kinders nie genoegsaam in die akademiese hoërskole vorder nie, en die hoofde van sodanige skole. Dit strek hom egter verder uit. Dit bring ook probleme mee tussen hoofde van ons Departementele en die van die provinsiale skole, omdat die graad van 'n skool dikwels op die spel kan wees wanneer kinders 'n sekere skool moet verlaat. Die hoop kan net uitgespreek word dat hierdie toedrag van sake ter wille van die kinders van Suid-Afrika wat in talle opsigte die prooi van selfsugtige omstandighede word, beëindig sal word. Die nie-blankes, by name die Bantoes, het al 'n nasionale onderwysstelsel. Vir die blanke kinders is dit nog nie gegun nie.

Die tekort aan goed opgeleide taalonderwysers/esse in ons skole moet teen hierdie agtergrond beskou word ten einde die juiste perspektief in verband daarmee te behou.

Daar is natuurlik ook 'n sonkant. Omdat die name van ons skole nie afhanklik is van hoofsaaklik hoë eksamenprestasies nie en omdat ons skole nie met mekaar kompeteer ten einde leerlinge te trek ter wille van

'n hoër graad skool en hoër salaris vir prinsipale en vise-prinsipale nie. is die werkomstandighede verskillend in vergelyking met wat elders bestaan. Die provinsiale hoërskole werk heelwat meer selektief as ons skole om leerlinge te bevorder. Dit kom neer op 'n naamsbeveiliging en die handhawing van standarde van die verlede. In ons skole, mits daar voldoende ruimte is, moet alle leerlinge wat per wet by ons tuishoort, opgeneem word, afgesien van hulle intelligensiepeil. Hulle moet tot voordeel van hulleself en van die staat onderrig en opgevoed word. Daarom dat ons Departement verskillende soorte skole het wat reeds differensierend te werk gaan. Daarvoor is daar ook talle onderwyser-sielkundiges in diens by sekere skole. Hulle moet saam met die gewone onderwysers werk ten einde leerlinge wat moontlik verwaarloos, mishandel, afgeskeep en dikwels geestelik vernietig is, op die spoor te bring. Hulle moet tot mense Gods opgevoed word. In hierdie geestelike reabilitasiewerk van talle van hulle speel die taal natuurlik 'n geweldige groot rol, veral omdat individuele aandag in ons skole, meer as elders, tot sy reg kom.

Die sonkant is dit: die onderwysers wat roepingsbewus is en wat duidelik die hoodskap van die Meester begryp, nl. dat ons die armes (natuurlik die geestelik-armes!) altyd by ons sal hê, trek nie maklik hulle tentpenne uit om elders 'n heenkome te vind nie.

Verder weet u wat al 'n taalinspeksie van die taalspesialiste van ons Departement ondergaan het, dat die taalinspekteurs hulle deeglik ten opsigte van die metodiek van hulle vakke onderlê het; dat hulle na afloop van inspeksies met u konfedereer ten einde nuwe gesigspunte te openbaar en die taak van die taalonderwyser te vergemaklik. U is teen hierdie tyd wel bewus daarvan dat ons Departement voorsiening maak in die leemte in die opleiding van universitêr-opgeleide taalonderwysers, nl. om al die verskillende metodes van onderrig van die verskillende afdelings van die taal onder hulle aandag te bring en wat meer is: om self demonstrasies binne die klaskamers in die teenwoordigheid van 'n onderwyser of groepe onderwysers te gee. Die taalinspekteurs probeer dus die taalmetodiek neutvars binne die klaskamers hou. Op hierdie wyse word nuwe benaderingswyses geopen en besieling gegee. Dit is nie die taak van die taalinspekteurs om net na foute te soek en dus veroordelend te werk te gaan nie. Die doel is positiewe taalleiding tot voordeel van die leerlinge/studente en tot 'n heerlike taaksvervulling van die onderwyser.

Onlangs is in een van die tydskrifte oorsee uittreksels gegee van rapporte van inspekteurs in die skole van Australië. Vir die onderwyser en veral vir die taalonderwysers is dit leersaam. Sou die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap daartoe oorgaan om uittreksels van die taalrapporte van sy inspekteurs te publiseer, sou u 'n duidelike beeld

verkry van die dinamiese benadering van die Departement se taal-inspekteurs.

Na aanleiding van die voorafgaande uiteensetting, vloei nou sekere sake voort:

Ten eerste blyk dat die tegniese onderwyser (werkwinkel) se taalkwalifikasies nog nie is wat dit behoort te wees nie. Ten tweede toon die taalkwalifikasies van die taalonderwysers 'n afwaartse neiging.

Albei tendense baar kommer. Waarom?

Laat ons ten eerste die posisie van die tegniese onderwyser (werk-winkels) in oënskou neem.

(c) *Die posisie van die Tegniese Onderwyser (Werkwinkels):*

Dr. Topping, prinsipaal van die Brunel-Kollege van Tegnologie in Londen, het ook tydens 'n konferensie oor opvoedkunde gedurende die eerste week van Oktober 1961 aan die Pretoriase Tegniese Kollege opgetree. In Durban het hy reeds op 20 September 1961 verduidelik dat 'n onlangse Wit Papier i.v.m. tegniese kolleges in Brittanje gepubliseer is oor die aanpassing van die opleidingstelsel by die snel veranderende behoeftes van die industrie. Engeland is dus snel op pad om die opleiding van sy seuns vir die industrieë op te knap. Die opleiding van onderwysers met die oog daarop kom ook onder die soeklig.

In verskeie Paedagogiese Studiën het gedurende die afgelope maande verskillende artikels oor o.a. die volgende aspekte van tegniese onderwys verskyn: De Technische Leerling en zijn Gereedschap; De Dagschool voor de Opleiding van Leraren bij het lager technisch onderwijs; Leraarsopleiding in Engeland; De Studiecommissies voor het lager technisch onderwijs; De vernieuwing van het nijwerheidsonderwijs voor jongens; Opleiding en vorming van arbeidskrachten ten behoeve van de industrie; Technisch onderwijs in een veranderende maatschappij; Over de leraarsopleiding in Duitsland; Over Onderwijs in menselijke verhoudingen; Overlading van het nijwerheidsonderwijs; Overlading van het Kweekschoolonderwijs; e.a. Volgens die opskrifte sal u wel opmerk watter sektors van tegniese en nywerheidsonderwys en die gepaardgaande opleiding aandag in Nederland en elders geniet. Rusland het al lankal die Westerse nasies in hulle opleidingsmoontlikhede op hierdie gebied verbygestrewe. Duitsland is tans ook besig om syne op te knap, veral in die Westelike sektor. Daar is haas geen land ter wêreld wat nie die oog op tegniese onderwys in 'n veranderende maatskappy gevestig hou en beter leerkragte daarvoor probeer oplei nie.

Suid-Afrika het op hierdie gebied nie agtergebley nie. Wanneer u die pasgepubliseerde: „Die Nasionale Onderwysdiploma — TECNIES — Handboek van kursusse” deurgaan, sal u opmerk watter vernuwing daar in die opleiding van die onderwysers (werkwinkels) gemaak is. Onlangs het die Departement sy nuwe en hersiene kursusse vir tegniese hoërskool-

leerlinge aangekondig. Hierdie handboeke tesame met die handboeke oor die verskillende stapelkursusse vir tegnisi sal u wel deeglik beïndruk. Die R.S.A. wil ook op die voorpunt van die ontwikkelinge beweeg.

Dit kan ook nie anders nie. Tegniese onderwys begin hoe langer hoe meer 'n belangrike beskawingsfunksie speel. Orals kom die geroep tot die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap om nuwe tegniese hoërskole op te rig. Daar word tans vir oor die twintig nuwes beplan. Binne tien jaar sal die Departement sowat 600 tegniese onderwysers benodig.

Wat van die onderwyser self?

Die tegniese onderwysers (werkwinkel) onderrig leerlinge van Std. VI—Std. X. Al hierdie leerlinge moet Afrikaans en Engels bestudeer. Dit volg dus vanself dat die taalkwalifikasies van die onderwysers vir die talle ambagte, die praktiese werk en die teoretiese grondslae in verband daarmee, taalkundig nie swakker as die leerlinge wat hulle moet onderrig, moet wees nie. Waar dit nog die geval is, word die posisie van die onderwyser in die werkwinkel onhoudbaar, behalwe wanneer sodanige onderwyser hom intussen deur middel van nie alleen vak-, maar ook ander literatuur beter georiënteer het. Die sielkundige uitwerking bly ook nie uit nie. Dit het al dikwels gebeur dat die taalfoute deur hierdie werk-winkelonderwysers (met 'n swak taalkwalifikasie) op die bord en in hulle aantekeninge begaan, die beter taalgekwalfiseerde leerlinge dwars in die krop steek. In die klas van die taalonderwysers word hy opgekeil oor sy foute en moet in sy spoor trap en in die werkwinkel moet hy gedorie waar ervaar dat sy onderwyser taalfoute sonder om te blik of te bloos begaan. Dit is heel onopvoedkundig. Beide onderwysers, hetsy in die werkwinkel óf in die taalklas, is vir die mondelinge en die skriftelike prestasies van die leerlinge in die skool verantwoordelik. Hulle word vir 'n gesonde onderwys- en opvoedingsbeleid medeverantwoordelik gehou.

Sodra 'n onderwyser in die werkwinkel ervaar dat sommige leerlinge kapsie teen sy taalgebruik maak, slaan hy in sy minderwaardige taalposisie terug en somer ook hard en moontlik venynig. Gou word die leerlinge onder die indruk gebring dat taalkennis in die werkwinkel van nul en gener waarde is. Die hoofsaak is die leerlinge se handvaardigheid i.v.m. die gercedskap en masjinerie vir sy vak(ke), al kan hy hom nie suiwer in die betrokke taal uitdruk nie. Dit is die toekomstige beoefening van 'n ambag of 'n vak wat van waarde is. Hierdie onsuiver taalgebruik word bewys deur die vraestelle (interne en van die Nasionale eksamens) van die verlede te lees. Hierdie vraestelle is deur manne in die werkinkels opgestel. Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap het ook wat sy werkinkels betref, taalbewus geraak. Sover as wat dit in die mag van die vakinspekteurs en tegniese inspekteurs is, dring hulle aan op korrekte taalgebruik in die werkinkels, mondeling en skriftelik.

Waar 'n nadelige klimaat vir taalgebruik in 'n werkwinkel heers, word die onderrig van die taalonderwyser getorpedeer en afgebreek. In 'n skool waar onderwysers werksaam is — ek lê klem op die begrip *onderwyser* — mag die opvoedingsideaal nie op hierdie wyse geskaad word nie.

Die klag van die taalonderwyser dat hulle werkwinkelkollegas nie altyd met hulle saamspan nie, is nie van waarheid ontbloot nie. Die taalonderwysers erken ruitelik die meerdere vakkennis van die werkwinkelonderwyser wanneer dit neerkom op motorkarprobleme, elektriese apparaat, sweiswerk, ens., en raadpleeg hulle dikwels daarvoor. Hulle erken die waardevolle diens wat dié manne op hulle besondere vakgebied vir hulle lewer. Dit sou voorwaar 'n goeie dag wees wanneer die gesindheid van die werkwinkelonderwysers sodanig gewysig word dat hulle met al hul taalprobleme in die werkwinkel — en dit is voorwaar legio — na die taalspesialiste sal gaan. Dit is in hierdie opsig dat die prinsipale en vise-prinsipale van ons skole 'n belangrike taak te vervul het. Hulle is die aangewese mense in die skoolorganisasie om toe te sien dat hierdie wisselwerking en oor en weer raadpleging soos klokslag plaasvind. Dit behoort 'n ongeskrewe reël van die skool met werkwinkels te wees.

Dit is van belang om te onthou dat die tegniese hoërskoolleerling wat buitendien nie veel van taalonderrig hou nie, 'n bondgenoot soek om die ideale van die taalonderwyser te verswak, indien nie heeltemal te verbreek nie. Hierdie bondgenootskap is maklik te verkry by die werkwinkelonderwyser wat sy taak as onderwyser en as kultuurdraer deur middel van die taal nie reg begryp nie. Die taalonderwyser verwag geen-sins van sy werkwinkelkollega om sy sinsontleding vir hom te doen nie, allermins om sy sinsleer en woordleer vir hom te behartig nie. Nee, in 'n gesonde onderwysklimaat en in 'n opvoedingstelsel wat die naam werd is, word slegs verwag dat die gebesigde taal korrek sal wees. Daarmee is geen onmoontlikheid gevra nie.

Te veel tegniese leerlinge laat hulle selfs vandag sterk uit teen taalonderrig en die regte gebruik daarvan in die werkwinkel. Dit moet hulle iewers ingegee word. Hulle moet dit iewers vandaan haal. Van hulle kan immers nie verwag word dat hulle al by magte moet wees om die rol van taal in hulle persoonlikheidsontwikkeling te besef nie. Dit is teen hierdie afsydige houding teenoor taal as vak en selfs as medium op skool waarteen die taalonderwyser geweldig stuit. Hulle taak om liefde vir die boek en liefde vir die korrekte gebruik van taal en taaltrots te ontwikkel, word te veel verlam deur 'n tweedragtige optrede.

Nou moet u nie net aan die R.S.A. dink nie. Dr. Topping het baie duidelik laat blyk, en wel in Durban tydens 'n samespreking met die personelede van die M.L. Sultan Tegniese Kollegepersoneel, waar die skrywer hiervan ook teenwoordig was, dat in die Britse opleidingsprogram om tegniese onderwysers by die veranderende industriële maatskappy

aan te pas, nie voorsiening gemaak word vir 'n minimum taalkwalifikasie nie. Hy het bygevoeg dat dit telkens gebeur dat die tegniese onderwysers Engels, hulle moedertaal, foutief op die bord skrywe. Dit wil my voorkom of ons Departement Brittanje ten opsigte hiervan die loef afsteek, aangesien die nuwe regulasies Matrikulasie-Afrikaans en Engels as 'n vereiste stel. In Nederland word oor dieselfde taalprobleem gekla. Die noodsaaklikheid van die korrekte taalgebruik spruit natuurlik voort uit ons juiste opvatting van taal as die beste onderwysmedium en die beste persoonlikheidsvormende middel, afgesien van die beroep wat 'n mens mag beoefen.

Dat die werkwinkelonderwysers 'n hoogs belangrike rol in die skool speel, veral in die lewe van tegniese leerlinge, word deur niemand onderskat nie, allermens deur opvoedkundiges soos die taalonderwysers. Hierdie taalspesialiste besef maar al te goed hoe sterk 'n negatiewe taalhouding op die lewe van die leerlinge inwerk. Veel groter sal die positiewe houding, 'n houding ten gunste van korrekte taalgebruik, die leerlinge tot beter vakprestasies lei. Sodra die taalstandaard in die werkwinkel daal, moet die vakkennis noodwendig daal, omdat dit deur die taal as medium gedra word. Hoe gouer onderwysers dit sal besef, hoe gouer is die stryd gewen.

Van die werkwinkelonderwyser word ten eerste verwag om 'n deeglike vakkennis te dra. Daarvoor het hy aan die tegniese hoërskool studeer, nl. die voorvakleerlingopleidingskursusse, daarna sy vakleerlingskap in die nywerheid deurloop en ervaring as vakman opgedoen. Sy vakkennis behoort via sy ervaring dus deeglik te wees. Van hom word verwag dat hy ook op die hoogte moet wees van die nuutste ontwikkelinge op sy besondere vakgebied, hier te lande en selfs oorsee. Daardie kennis doen hy deur middel van vaktydskrifte, boeke en navorsingsprogramme op. Hy sorg ook dat hy kennis dra van aanverwante vakke. Omdat die Afrikaanse vakliteratuur so pas ontluik het, sal hy hom hoofsaaklik van Engels in hierdie verband moet bedien. Dit sou nog beter wees as hy 'n lees kennis van Duits en Nederlands besit, om van die opkomende Russies nie te praat nie. Dit is juis in die werkwinkel waar die werkwinkelonderwyser waardevolle kultuurwerk kan verrig. Ek wil hiervoor die volgende voorbeeld noem, al staan dit in verband met vliegtuie.

Vliegtuie wat noodlandings doen, moet op so 'n wyse geloods word dat, indien hulle sou neerstort, hulle so min as moontlik beskadig word. 'n Noodlanding word 'n *pletter*landing genoem. Watter soort landing sou dit nou genoem word waar die vliegtuig 'n noodlanding op die see moet doen? *Pletter* het eintlik te doen met wat ter land plaasvind. Wat sou die beskrywende woord ter see wees? *Waterlanding* of *seelanding* kan dit nie wees nie, anders moes dit ook *aardelanding* gewees het.

Dit is juis hier waar die ervaring van die werkwinkelonderwyser sy groot rol kan speel. Die ervare vakman is vindingryk. Hy dink met en werk deur middel van die taal. Hy weet dat 'n klippie op die water

gegooi, die water al wyer en wyer laat uitkring. Die klippie sink sommer maklik. Die uitwerking van 'n swaar klip op die water is egter verskillend. Die klip ondervind 'n taamlike weerstand as gevolg van sy grootte en gewig. Dit veroorsaak 'n opspatting van groot watermassas na alle kante toe. Dit *plons* in die water neer. Daarom sal so 'n noodlanding ook 'n *plonslanding* genoem kan word.

Dit is hierdie soort skeppende werk waarby die vakonderwyser betrek kan word. Hy kan op hierdie wyse help bou aan die Afrikaanse vakliteratuur wat die akademiese man kwalik kan doen as hy nie ten nouste saam met die vakman werk nie. Die vakman weet presies watter begrippe by die leerling tuisgebring moet word. As hy nou ten minste Matrikulasie-Afrikaans behaal het, kan hy maklik saamwerk. Met sy standerd-agt kennis daarvan kan dit kwalik van hom verwag word.

Dit is egter verblydend dat die werkwinkelonderwysers trapsgewyse, as gevolg van die druk wat van alle kante deur die Departement se inspekteurs uitgeoefen word, taalbewus word. Dit is die groot hervorming wat in die tegniese onderwys in die R.S.A. vandag aan die gang is: beter opgeleide werkwinkelpersoneel wat tegelykertyd die noodsaaklikheid van goeie taalgebruik besef en selfs propageer. Die proses is nog besig om hom te voltrek.

As hierdie ideaal verwesenlik kan word, sal die taalonderwyser 'n sterk bondgenoot in sy werkwinkelkollega vind, met die gevolg dat die taalprestasies van die leerlinge outomaties sal styg. Die taalonderwyser moet hierdie bondgenoot hê in 'n tydsgewrig wanneer die gehoor van die leerlinge meer as ooit in die verlede geprikkel word en wel deur middel van die radio, die bioskoop en moontlik binnekort televisie — almal faktore wat daarop bereken is om 'n grootskaalse vervlakking op leesgebied in die hand te werk. Hierdie vervlakking, hierdie oppervlakkige taalkennis, ondervind die Amerikaanse leerlinge tans in 'n sterk mate sodat die twee taalspesialiste, Fries en Lado, sinstrukture en sinspatrone en die herhaalde beoefening daarvan, in die Amerikaanse skole propageer om die leerlinge se verloregeaande taalkennis aan te vul en op te knap. Na twintig jare televisie in Amerika word gevind dat slegs 13% van die volwassenes boeke in hulle vrye ure lees. En intussen dring sekere mense in die R.S.A. sterk daarop aan!

Die werkwinkelonderwyser vervul dus 'n groot kultuurtaak. Hy wat daardie taak nie begryp nie, het 'n masjien en 'n stuk gereedskap geword. Kultuurlose onderwysers kan nie in 'n gesonde onderwysstelsel geduld word nie. Alleen hy wat by die kultuurwaters van die volk in sy skole en by die van die algemene kultuurbedrywighede van die omgewing gedrink het, is goed genoeg vir 'n tegniese onderwysloopbaan. By monde van die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap is verneem dat die onderwys nie langer met die oorskietwater tevrede kan en mag wees nie.

Net die beste gekwalifiseerde onderwysers, hetsy tegnies, hetsy akademies, is goed genoeg vir die onderrig van die volk se kinders.

Die tegniese ontwikkelings in enige land is natuurlik die taalontwikkeling op daardie gebied effens vooruit. As gevolg daarvan word oorsee en hier in die R.S.A. druk op onderwysdepartemente uitgeoefen om die nodige vakkundige en taalkundige personeel daar te stel. Van die personeel word verwag om die bevindings van die basiese navorsing te kan toepas, maar veral om dit deur die konkrete en abstrakte taalgebruik aan die leerling te kan oordra. Dit is kultuurwerk in sy wese.

Nou oor die taalonderwyser.

(d) *Die posisie van die Taalonderwyser:*

Om voor die hand liggende redes is lank by die tegniese onderwyser stilgestaan, omdat sy onderwys en opvoedingstaak dikwels nie in die regte perspektief deur homself en die algemene publiek gesien word nie. Met die taalonderwyser is dit egter anders gesteld. Die onderwysowerhede, die ouers en die publiek het nog steeds die hoogste agting vir die bekwaamhede en die kennis van die taalonderwyser gekoester. Dit kon gedoen word, omdat die kwalifikasies van die taalonderwyser ho verdenking gestaan het. Dit is te verstane dat met die beleidsverklaring dat elke leerling tot en met sy sestiende jaar hoërskoolonderrig moet ontvang, groot finansiële verpligtings op die belastingbetaler en die staat gelê is. Daarby het die administrasiekoste die hoogte ingeskiet. In die Europese lande gebeur dit dat slegs 50 uit elke 1,000 jong mense hoër onderwys ontvang. Dan is hierdie 50 buitendien aan streng eise en toetse onderwerp. Hulle is dus die gekeurdes wat by hoër onderwys sal baat. Die geweldige hoërskoolbevolking van die R.S.A. het meegebring dat die peil van die taalonderwys noodwendig moes daal. Meer leerlinge met 'n laer intelligensie as in die verlede besoek die hoërskole. Daarby ondervind die R.S.A., net soos oorsee, 'n geweldige tekort aan goed gekwalifiseerde taalonderwysers. Die skielike daarstelling van baie meer hoërskoolfasiliteite as in die verlede en die dientengevolge skepping van o.a. meer taalposte, het meegebring dat die onderwysdepartemente met swakker taalonderwysers tevrede moet wees. Dit is juis daarom dat die Transvaalse Onderwysdepartement daartoe oorgegaan het om hierdie tekort, afgesien van wat die universiteite doen, aan te vul in sy eie opleidingskolleges.

Die tekort aan taalonderwysers moet ook toegeskrywe word aan die verruimde moontlikhede aan ander sektors van die volkslewe: die handel en die nywerheid wat daarin geslaag het om die beste akademici van die taal- en ander skoolfronte af teen verbasende goeie besoldiging weg te trek. Moontlik het die onderwyssektor ten opsigte hiervan in gebreke gebly, afgesien van die verbeterings wat reeds aangebring is.

Moontlik het die studente van die R.S.A., net soos oorsee, minder idealisties gebly en geword. Materialisme het die meeste vasgevang. Al minder en minder studente as in die verlede meld hulle aan vir die studie van tale, wat natuurlik op sigself abstrak bly en veral te doen het met die wils-, die emosionele- en die denklewe van die mens, met sy lewenshoudings en lewensbeskouings. Daarby sluit die studie van tale natuurlik nie net die letterkunde in nie, maar dit het ook ander fasette wat elkeen sy besondere dinamiese metodiek vereis. Dit is dinamies, omdat dit steeds te doen het met die mens en sy ontwikkeling en aanpassing by 'n snel veranderende wêreld. Ten einde taalonderwys vrugbaar en suksesvol te kan maak, moet die taalonderwyser steeds student bly. Gewoonlik is sy program so oorlaai met nasien- en ander skoolwerkzaamhede, soos bv. buitemuurse aktiwiteite, dat hy kwalik aan hierdie vereiste kan voldoen. En tog word hy beskou as die kultuurdraer en iemand wat dan al die skool se kulturele bedrywighede onder sy vleuel moet neem.

Die rol van die taalonderwyser is iets unieks in 'n skool. Hy is die kampvegter vir een van die kosbaarste besittings van die mens. Dit is daardie vermoë om deur die gesproke en die geskrewe woord sy gedagtes aan ander mee te deel. Dit is 'n beskawingsfaktor. Dit is die taalonderwyser se taak om die leerlinge op so 'n wyse te onderrig dat hulle die taal as medium korrek, doeltreffend en begripsmatig kan gebruik. Slaag hy daarin, dan gee hy vir die leerlinge 'n middel waarmee hulle die kennisarsenaal van die mensdom, van die verlede en van die hede, kan ontsluit. Hulle het dan 'n middel waarmee hulle toegang tot boeke kan verkry en hulleself geestelik kan verryk. Hy onderrig die leerlinge om die taalmiddel te verstaan, dit toe te pas en daarmee te begryp wat die onderwysers in die ander vakke oordra. Die ander vakonderwysers gebruik die taal om, saam met die taalonderwyser, 'n volk tot geestelike wasdom te lei, om voedsel vir die intellek en vir die gees te verskaf. Die taalonderwyser moet sorgdra dat die mondelinge en die geskrewe taal wat daeliks groter afmetings aanneem, deeglik deur die leerlinge as sosiale wesens en as enkelinge gebruik kan word. Hy verskaf vir hulle die denkmiddel by uitnemendheid. En juis in en deur sy denke, soos gedra deur die taal, onderskei die mens hom van die dier en alle lewelose dinge.

Hoe beter die taalonderwys op skool, in al sy fasette, hoe makliker kan die leerlinge geestelik en intellektueel in al die ander vakke op skool of in die werkwinkels groei. Dit is die middel waarmee hulle persoonlikhede uitgebou en hulle sosiale aanpasbaarheid vergemaklik word.

Nie alleen moet die taalonderwyser die leerlinge in staat stel om die taal as sosiale verkeers- en as uiters persoonlike uitingsmiddel te kan gebruik nie, maar dit is by uitstek noodsaaklik dat hulle daarmee orde in die chaos kan bring. Dit is 'n beheersingsmiddel. Wanneer dit by die skrywe van opstelle en studies kom, by die beantwoording van vrae oor

voorgeskrewe boeke, dan moet gedagtes en feite in hulle geharwar en ongeordenheid georden word volgens hulle belangrikheid en prioriteit en die feite moet dan gekenmerk word deur 'n taal wat alles beheers. Die denke van die meeste leerlinge is ongeorden as gevolg van die talle prikkels wat die sintuie voortdurend ondergaan. Die denke is die taal ook dikwels vooruit. Die taal stu die denke egter en verlig terselfdertyd die ordelose denkakker en laat die lig op die hoofsaak val, terwyl die minder belangrike sake beskadu word. Dit is natuurlik so 'n belangrike taak wat op die taalonderwyser gelê word dat hy nie anders kan as om aandag te skenk aan die uiters interessante studie oor die wisselwerking tussen taal en denke nie. Hieroor is natuurlik in die oorsese en in ons Suid-Afrikaanse wetenskaplike literatuur al heelwat geskrywe. Die meeste taalonderwysers werk hard aan hierdie aspek van hulle taak, maar slaag kwalik daarin omdat hulle moontlik tot die wese van die wisselwerking tussen taal en denke nog nie deurgedring het nie.

Die taalonderwyser is bewus van die politieke omstandighede van vandag. In alle lande, ook hier in die R.S.A., word daar tans besonder aandag aan die studie van tegnologie en van natuurwetenskappe gewy. Hiervan hang natuurlik die materiële welvaart en voortbestaan van die Westerse beskawing in 'n aansienlike mate af. So straf is egter tans die mededinging op die gebied van die natuurwetenskappe, sterk gestimuleer deur die verskillende kongresse in die Afrika- en Europese state, dat die gevaar geensins denkbeeldig is dat die beoefening van die geesteswetenskappe, in besonder die studie van tale, heeltemal op die agtergrond gedruk sal word nie. Dit is die taalonderwyser se taak om toe te sien dat hy daarteen 'n bolwerk opwerp. Wil die eeu van tegnologie en van die natuurwetenskappe werklik bloei en vooruitgang maak, moet die gedagtes van die mense wat daarmee besig is, deur die taal gedra en gestu en georden word. Tot watter voordeel sal al die ontwikkelings op die twee gebiede wees, indien daardie navorsers hulle bevindinge nie in verstaanbare en doeltreffende taal kan weergee en wêreldkundig maak nie?

Die taalonderwyser moet met die talle ontwikkelings op alle gebiede van die mensebestaan, wetenskaplik, tegnies, industrieel, probeer tred hou. Hy moet dus nie alleen op sy eie vakgebied tuis wees nie, maar moet oor allerlei onderwerpe kan lees ten einde sy woordeskat en die van die leerlinge te kan uitbrei. Op so 'n wyse dra hy daadwerklik by tot die uitbreiding van die leerlinge se begripswêreld. Hoe die leerlinge se begrippe groei en ontwikkel behoort te word en wel deur middel van die taal, is 'n saak wat hier slegs in die verbygaan aangeraak word, sonder om op die besonderhede in te gaan. Nogtans bly die uitbreiding van die begripswêreld van die leerlinge 'n belangrike taak van die taalonderwyser.

Die taalonderwyser moet hom op die hoogte stel van die letterkundige uitings oorsee. Indien hy 'n lees kennis van meer tale het, sal hy dien-

ooreenkomstig 'n beter oorsig van die letterkunde wat hy moet onderrig, kan gee. Deur sy wyse belesenheid kan hy sy leerlinge beïndruk en inspireer en deur sy voorbeeld en rykdom van boeke-kennis bydra tot hulle karaktervorming. Om liefde vir die boek tuis te bring, moet die taalonderwyser 'n Fenting wees; altyd op die voorpunt!

'n Ander rol van die onderwyser is om taalskeppend op te tree. Daartoe bestaan ruim geleentheid in en buite die klaskamer. Taalskeppende werk in die klaskamer sal die leerlinge se taal trots en -liefde genoegsaam prikkel om self kultuurdraers te word.

Behalwe sy taalkennis en die nodige inspirasie wat daar van hom moet uitgaan, moet die taalonderwyser op die hoogte van die metodiek van elke afdeling van sy vak wees. Daar is weinig vakke waarvoor soveel metodologie-literatuur as oor taal verskyn het. Die tydskrif-artikels daarvoor is legio. Deur die aanbieding van sy vak af te wissel en deur die toepassing van talle soorte metodes is dit moontlik om taalonderrig nie alleen vir die leerlinge aangenaam te maak nie, maar ook om die belangstelling daarvoor by die aanbieder te behou. In die meeste vakke moet die leerlinge baie feite memoriseer en reproduseer, soos in die eksamenkamer tot openbaring kom. In die taal as vak is daar ruim geleentheid om skeppend te kan optree, om iets te produseer wat oorspronklik is. Dit is juis die sin tot oorspronklikheid wat in die taal van die leerling tot openbaring kan kom. As die taalonderwyser die leerlinge daartoe kan bring om hulle gevoelens, hulle wilbesluite en hulle gedagtes op hulle eie manier weer te gee, dan het sy taalonderrig reeds geslaag.

Om van die leerlinge lesende kinders te maak, is een van die moeilikste en mees delikate probleme in taalonderrig. Enersyds is al die skoolleerplanne en -programme oorlaai. Leerlinge se tuiswerk neem sommer baie ure in beslag. Afsteek na die diepte in 'n onderafdeling van 'n vak is taboe. Memoriseerwerk vier triomfantlik fees. Reproduksie van feite is die hoofskottel op skool. Resultate, eksamenresultate van die hoogste gehalte op die reproduksievak, vervlak die eintlike denkproses. Ensiklopediese kennisweergawe laat weinig geleentheid tot denkprosesse in en deur die taal, wat nog van vrye tydsbesteding met boeke en tydskrifte! Die besondere eie kennisverbredingsprogram van elke leerling bly in die slag. Hierteen moet die taalonderwyser sterk wal gooi.

Skoolbiblioteke en die regte benutting daarvan is iets waarvoor taalonderwysers meer as een kongres kan hou. Dit raak voorwaar die geestelike verdieping van 'n volk, en daarom behoort kragtige taalonderwysers/esse op te staan en te veg vir skoolprogramme wat minder oorlaai is, ten einde plek in te ruim vir stilleesprogramme wat doelgerig beplan is.

B. *Die Opleiding van Tegniese- en Taalonderwysers.*

Die opleiding wat hier ter sprake is, raak hoofsaaklik taalaangeleenthede.

i) *Die Tegniese Onderwyser (Werkwinkel)*:

Hierdie onderwyser se werk in die werkwinkel waar 'n voorvakleerlingopleiding verskaf word, is net soveel algemeen-vormend soos die werk wat in die akademiese hoërskool gedoen word. Talle tydskrif-artikels, veral in Nederlandse tydskrifte, lê op hierdie saak klem. Daar moet onthou word dat die mens liggaam en siel is. Dit is 'n Godgegewe saak. Daarom lê daar vir die mens twee soorte werksaamhede oop waarby die volle persoonlikheid betrokke is: akademiese werk, d.w.s. hoofsaaklik intellektuele arbeid waarby die liggaamlike ook betrokke is; dan liggaamlike werk, d.w.s. waar handvaardigheid beklemtoon word, en waarby die intellektuele nie uitgesluit is nie.

Watter tipe onderwys nou ook al gegee word om die mens as intellektuele-liggaamlike of as liggaamlike-intellektuele wese te laat ontplooi is algemeen-vormend van aard, mits vir albei soorte onderwys goed gekwalifiseerde onderwysers gevind kan word.

Ten einde die algemeen-vormende onderwysaspek in ons tegniese skole tot sy reg te laat kom, moet die minimum taalkwalifikasie vir die werkwinkelonderwysers Matrikulasie wees, soos dit vir alle ander onderwysers geëis word. Hierdie aspek het die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap terdeë besef. Voortaan sal geen werkwinkelonderwyser in diens geneem word wat hierdie taalkwalifikasie nie verwerf het nie.

Daar is egter 'n groot probleem. Die onderwyser (werkwinkel) wat gerekruteer kan word uit die room van ons tegniese matrikulante, is die manne wat m.i. die beste aan daardie doel sal beantwoord. Dit is die seuns in wie se lewe die taalonderwysers geslaag het om die taal as medium stewig tuis te bring en wat aan die vereistes i.v.m. werkwinkel-onderrig sal beantwoord. Al die matrikulante vind egter hulle weg na die industrieë en diegene wat dit so verkies, die nodige vrystelling verkry en aan die vereistes vir toelating voldoen het, na die universiteit toe. Die industrieë hou hulle oë vir die hoogs intelligente vakleerlinge en uiteindelijke vakmanne oop en bied hulle sommer vroeg in hulle loopbane voormanskappe of ander poste waarin leierskap geverg word. Is hulle eers tot daardie poste bevorder, is hulle vir die onderwysprofessie eintlik verlore. Hulle sal nie sommer maklik hulle poste prysgee om as werkwinkelonderwysers opgelei te word nie. Dit is die vakmanne wat in die industrieë eintlik nie verder kan vorder nie, wat op die loer is na ander weivelde, soos 'n oorsese tydskrif dit baie duidelik stel.

My persoonlike mening is dit: die man wat hom tot die onderwys-professie aangetrokke voel, moet daarvoor opgelei word. Vir diegene wat konstateer dat 'n werkwinkelonderwyser noodsaaklikerwys vakleerling- en nywerheidservaring moet hê ten einde tegniese hoërskoolleerlinge op te lei, gee ek die volgende ter oordenking:

Die werkwinkelonderwysers lei geen tegniese hoërskoolleerling direk

vir die nywerheid op nie. Hulle verskaf in der waarheid voorvakleerlingopleiding. En hierdie opleiding is myns insiens algemeen-vormend van aard. Ten eerste is die leerlinge in Stds. VI, VII en VIII — die meeste leerlinge verlaat die skool in Std. VIII en gaan soek werk — te jonk om presies te weet watter ambag hulle eendag moet beoefen. Soos dit op die huidige oomblik toegaan, is die volgende drie ambagte oorlaai: motorwerktuigkunde, pas- en draai-bankwerk en die elektriese afdeling. Die meeste seuns kies hierdie drie ambagte. Ek twyfel of die samewerking met die nywerheid al daardie stadium bereik het waar die industrieë vir die owerheid wat die tegniese hoërskole beheer, presies 'n opgawe verskaf van hoeveel leerlinge vir spesifieke ambagte voorvakleerlingopleiding moet ontvang. My vraag is dit: as die voorvakleerlingopleiding sekere afdelings van die industrieë oorversadig maak, dan spreek dit vanself dat daardie leerlinge vir hulle vakleerlingskap ander ambagte sal moet soek. Wat was dan die doel van die opleiding in die werkwinkels?

Die voorvakleerlingopleiding is myns insiens, soos dit vir my na aanleiding van talle artikels oor die saak duidelik geword het, nie soseer direk op die toekomstige beroep van die leerlinge gerig nie, maar vorm hulle persoonlikhede deur middel van vakke waarin hulle besonderlik veel belangstel. En hierdie werk, tesame met tale, natuurwetenskap en wiskunde, e.a., is net soveel algemeen-vormend van aard as die vakke wat die leerlinge in die akademiese hoërskole bestudeer.

Ten einde die nodige kontak met die nywerhede te behou, behoort die vakinspekteurs van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap daardie funksie te vervul. Dientengevolge behoort nywerheidservaring geen sine qua non-kwalifikasie vir die werkwinkelonderwyser te wees nie.

Op die huidige oomblik lei ons Departement sowat 40 werkwinkelonderwysers op. Na tien jaar sowat 400, terwyl 600 benodig sal wees vir uitbreidings alleen, sonder om diegene wat gepensioneerd raak of sterwe in aanmerking te neem. Om tred met ontwikkelings te kan hou, is dit noodsaaklik om die beste tegniese matrikulante vir die algemeen-vormende werk in die werkwinkels op te lei, hulle dus te behou vir die doel wat deur die Departement beoog word. Dan is daar kontinuïteit in hulle onderwys en opleiding, soos dit met alle onderwysers in die provinsie geskied of aan die universiteit. Daar sal ook kontinuïteit wees wat die taalonderrig betref. Dit sal dan meebring dat die Departement self sy onderwysers kan keur op grond van jare se prestasies in die skool. Verder sal die Departement hom ook kan vergewis van die taalpeil wat in sy werkwinkels gehandhaaf word en kan word. Hierdie handhawing van 'n sekere taalpeil wat die medium van onderrig betref, het vandag noodsaakliker geword as ooit.

ii) *Die Taalonderwyser:*

Dit is goed vir 'n taalonderwyser om in 'n suiwer akademiese atmosfeer soos wat die universiteit verskaf, opgelei te word. Dit is ook goed as hy die taal wat hy wil onderrig, vir ten minste drie jare suksesvol deurloop het. Vir 'n stewiger kennis en grondslag is dit noodsaaklik dat hy ook een of meer kursusse in die ander landstaal moet bestudeer. Kennis van 'n derde taal, een of meer kursusse daarvan, maak van hom 'n groter kenner van tale.

Die universiteit maak van dosente gebruik wat die klaskamer lankal verlaat het. Sommige dosente het nog nooit skool gehou nie, ken die hantering van klasse dus nie. Hulle kennis van die metodiek berus op teoretiese grondslae en is dikwels nie prakties gefundeer nie. Die taaldosent aan die universiteit hou hom eintlik glad nie met metodologiese vraagstukke vir die klaskamer besig nie. Hy verdiep hom ook nie daarin nie, omdat hy hom naas sy gewone doseerwerk, vir 'n jaar aan die studente moet wy wat 'n hoër of ander onderwysdiploma wil verwerf. Hierdie studente se jaarkursus daarvoor is gewoonlik so oorlaai met professionele vakke en take, met bordwerk en praktiese lesgee by skole — hiervan kan daar uit die aard van die saak nie veel wees nie — dat die dosent onmoontlik diep en breed op metodiese sake kan ingaan. Die universiteitstudent wat onderwyser word, gaan na die klaskamer terug met veel teoretiese en algemene kennis omtrent die metodiek van taal. Die wyse waarop die vak hanteer word, sal afhang van hoeveel die jong onderwyser van sy vorige taalonderwyser se metodes op skool kan onthou.

Die jong onderwyser moet myns insiens veel meer omtrent die nuutste verwickelinge op die gebied van taalonderrig ontvang as wat op universiteit in een jaar ontvang kan word. Hy moet ook prakties voorgelig kan word deur middel van klaskamerdemonstrasies. Om hierdie leemte aan te vul, behoort die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap elke jaar, of twee maal elke jaar, op sekere sentrums 'n opknappingskursus vir taalonderwysers te hou. Vir daardie doel kan van sy taalinspekteurs en ander bekwame onderwysmanne wat hulle naam as taalonderwysers verwerf het, gebruik gemaak word. Daar is weinig vakke op skool waarmee soveel geëksperimenteer word as op taalgebied. Eintlik is ons skoolstelsel nie ingerig vir voortdurende eksperimente ten einde die beste onderrigmetodes uit te toets en die resultate wetenskaplik vas te lê nie.

Ons onderwysers ondervind 'n gebrek aan tyd om hulle op die hoogte van metodologiese sake te stel. Hulle is in die klaskamers met te veel werk oorlaai. Uit die aard van die saak bring taalonderwys veel nasien- en kontrolewerk mee. Indien die owerheid oortuig kan word dat die taalonderwyser se las tog groter as die ander vakonderwysers s'n is, kan hulle kwota leerlinge moontlik verminder word, sodat geleentheid

vir studie gelaat kan word. Ek het dikwels gewonder of die tekort aan taalonderwysers oor die algemeen nie te wyte is aan hulle oorlaaide programme nie.

Om in die tekort van taalonderwysers te voorsien, sal die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap hom nie slegs op die voorsiening van beurse kan verlaat nie. Dit is buitendien 'n geweldige kapitale belegging en uitgawe vir die staat. Het die tyd nie aangebreek dat ons Departement, net soos die Transvaalse Onderwysdepartement, self moet inspring om self toekomstige taalonderwysers vir sy spesifieke doeleindes te keur en moontlik op te lei nie? Die opleiding van gegradueerdes met 'n driejarige kursus in die een of ander landstaal kan die taak van die universiteite bly. Sal dit onmoontlik wees om matrikulante vir die onderrig van tale in die laer standerds van die hoërskole op te lei? U sal dadelik sê: maar dan word die taalstandaarde verlaag. Ek moet dit toegee. Maar dan moet u onthou dat ons Departement buitendien gebruik moet maak van etlike tydelike leerkragte wat nie beter gekwalifiseerd is nie. Die produk wat die Departement dan sal oplei, sal dan ooreenkomstig sy spesifieke vereistes wees. Oor sodanige opleiding kan die taalinspekteurs direk toesig hou. Hoe om die tekort aan taalonderwysers uit te wis en tegelykertyd die onderwyspeil daarvan te handhaaf, is die bekommernis van alle onderwysdepartemente, ook van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

Pretoria.

J. L. du Plooy.